# HANDBOEK INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING ("die Wet")

## DIE OPENBARE REKENMEESTERS- EN OUDITEURSRAAD

### 1. STRUKTUUR EN FUNKSIES *[Artikel 14(1)(a)]*

Die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ("OROR") is 'n statutêre, regulerende liggaam wat ingevolge die vorige Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, Wet 51 van 1951, ingestel is en wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, Wet 80 van 1991 (OROR-wet) bly voortbestaan.

Die OROR bestaan uit die volgende departemente: Uitvoerend, Regs, Onderrig en Opleiding, Praktykoorsig en Ouditstandaarde.

Die doelwitte van die OROR, soos in die voorwoord tot Wet 80 van 1991 uiteengesit is, is om openbare rekenmeesters en ouditeure te registreer, die opleiding van die openbare rekenmeesters en ouditeure te reël en aangeleenthede wat daarmee in verband staan te administreer. Die taak van die OROR, soos in die standpunt oor die missie uiteengesit word, is om

* die middele en die reguleringsraamwerk daar te stel vir die onderrig en opleiding van 'n toereikende getal bevoegde en gedissiplineerde rekenmeesters en ouditeure, om in die behoeftes van Suid-Afrika te voorsien;
* voortdurend te streef na die behoud en verbetering van die standaarde van geregistreerde rekenmeesters en ouditeure; en
* geregistreerde rekenmeesters en ouditeure wat hul pligte met omsigtigheid, sonder vrees en ter goeder trou uitvoer, te beskerm en te ondersteun.

### 2. KONTAKBESONDERHEDE *[artikel 14(1)(b)]*

*Maneo*
Ernest Oppenheimerlaan 7
Bruma
Johannesburg

Posbus 751595
Garden View
2047

Tel: (011) 622-8533

Faks: (011) 622-4029

e-pos: board@board.co.za

Webwerf: www.paab.co.za

Inligtingsbeampte: Mnr ACB O'Flaherty
Adjunkinligtingsbeamptes: Me P J O'Connor, Me A Vest Louw, Me J Bailey en Me K Lauf

Die OROR het ook plaaslike verteenwoordigers (maar nie inligtingsbeamptes nie) op die volgende plekke:

Kaapstad:

11de vloer The Pinnacle
H/v Strand & Burgstrate
Kaapstad

Posbus 4484
Kaapstad
8000

Tel: (021) 423-3938

Faks: (021) 423-3974

Bloemfontein:

McHardylaan 62
Brandwag
Bloemfontein

Posbus 408
Bloemfontein
9300

Tel: (051) 444-0096

Faks: (051) 444-0097

Westville:

Westvilleweg 20
Westville

Posbus 1098
Westville
3630

Tel: (031) 267-1842

Faks: (031) 267-1838

## 3. HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE WET *[Artikel 14(1)(c)]*

'n Handleiding oor hoe om die regte wat in hierdie Wet uiteengesit word uit te oefen, kan by die Menslike Regtekommissie in al die amptelike take verkry word. Navrae moet gerig word aan die Kommissie by:

Privaatsak 2700
Houghton
2041

Telefoon: (011) 484-8300
Faks: (011) 484-0582
webwerf: www.sahrc.org.za
e-pos: paia@sahrc.org.za

## 4. FASILITERING VAN 'N VERSOEK VIR TOEGANG TOT INLIGTING, ONDERWERPE WAAROOR DIE OROR REKORD HOU EN DIE KATEGORIEË WAARIN REKORDS GEHOU WORD *[Artikel 14(1)(d)]*

Daar kan, op die voorgeskrewe vorm, aansoek gedoen word vir inligting wat nie, soos in paragraaf 5 van hierdie Handboek beskryf, geredelik beskikbaar is nie, in ooreenstemming met die prosedures beskryf in artikel 18 van die Wet. Afskrifte van die voorgeskrewe vorm (Vorm A) en 'n lys van die betrokke kostes kan by die OROR verkry word. Dit word ook in die *Staatskoerant* gepubliseer en is by die Menslike Regtekommissie beskikbaar.

Lesers moet kennis neem dat die insluiting van enige rekordonderwerp of -kategorie nie gesien moet word as aanduidend daarvan dat die betrokke rekords op versoek beskikbaar gestel sal word nie. Daar kan in 'n besondere geval toepaslike gronde vir weiering van so 'n versoek wees, soos in die Wet uiteengesit is.

Uitvoerend:

| **Onderwerpe** | **Kategorieë van inligting** |
|---|---|
| Raad en raadsvergaderings | Besonderhede van raadslede |
| | Agendas |
| | Bywoningsregister |

| | |
|---|---|
| | Besluite geneem |
| | Notules van vergaderings |
| | Menings ingewin |
| | Korrespondensie, memorandums, voorleggings |
| | |
| Komitees van die Raad en komiteevergaderings | Besonderhede van komiteelede |
| | Agendas |
| | Bywoningsregister |
| | Besluite geneem |
| | Notules van vergaderings |
| | Menings ingewin |
| | Korrespondensie, memorandums, voorleggings |
| | |
| Nuusbriewe | *Maneo* kwartaallikse nuusbrief |
| | |
| Webwerf | Lidsoektog – om GROs en geregistreerde ouditfirmas te soek |
| | Regs – OROR-wet, Professionele Gedragskode, Dissiplinêre Reëls, hoe om ’n klag in te dien |
| | Registrasie – hoe om as ’n GRO te registreer, insluitende aansoekvorms |
| | Onderrig & Opleiding – algemene inligting oor hoe om ’n GRO te word, insluitende eksamenbesonderhede en regulasies |
| | Praktykoorsig – besonderhede oor verskeie aspekte van praktykoorsig |
| | Ouditstandaarde – oudituitsprake, geopenbaarde konsepte, kalender, verwysingsraamwerk en besonderhede van huidige projekte |
| | Nuus – verskeie items van belang, insluitende persberigte en nommers van *Maneo* |
| | Kontakbesonderhede van die direktoraat – personeel en plaaslike verteenwoordigers |
| | |
| Handboek vir Inligting “Riglyne vir Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure”, wat jaarliks deur die OROR uitgereik word | OROR-wet |
| | Erkenning van programme in die leerroete na registrasie as ’n GRO |
| | Dissiplinêre Reëls |
| | Professionele Gedragskode |
| | Praktykoorsig |
| | Ouditstandaarde |
| | Gelde betaalbaar aan die OROR |
| | Algemene omsendbriewe |

| | |
|---|---|
| Jaarverslae | Lede en sekretariaat van die ORÓR |
| | Verslag van die voorsitter |
| | Statistiek – GROs, leerlingrekenmeesters |
| | Verslae deur komiteevoorsitters |
| | Geouditeerde finansiële state |

| | |
|---|---|
| Finansies van die ORÓR | Begrotings |
| | Rekeningkundige rekords |
| | Bestuursrekeninge |
| | Vaste-bateregister |
| | Bankrekeningbesonderhede |
| | |
| Administrasie | Versekeringspolisse |
| | Transportaktes en huurooreenkomste |
| | Belastingstatus van die ORÓR en opgawes |
| | Besonderhede van verskaffers van verskillende dienste gelewer, kontrakte en lisensiëringsooreenkomste |
| | |
| Biblioteek en argiefmateriaal | Gebinde nommers van verskeie professionele tydskrifte |
| | Tesisse en verhandelinge oor onderwerpe met betrekking tot rekeningkunde en ouditkunde |
| | Lêers wat inligting omtrent ander professionele rekeningkundige liggame bevat |
| | Lêers wat inligting bevat oor wetgewing wat moontlik ’n invloed kan uitoefen op die ORÓR en die professie |
| | Werkslêers oor wysigings oor die jare aan die ORÓR-wet, die Professionele Gedragskode en die Dissiplinêre Reëls |
| | Verskillende foto’s van mense en plekke in verband met die geskiedenis van die ORÓR |
| | ’n Dun bundel waarin die geskiedenis van die ORÓR opgeteken is en wat op sy 50ste herdenking gepubliseer is |
| | |
| Menslike hulpbronne | Persoonlike besonderhede van individuele personeellede, salarisse en voordele betaalbaar, reiseise, dissiplinêre profiel |
| | MH handleiding |
| | Pensioenfondsreëls |

Regs (dit sluit lidmaatskap in)

| **Onderwerp** | **Kategorieë van inligting** |
|---|---|
| GRO firmas | Vennote en leerlinge |
| | Kontakbesonderhede |
| | Korrespondensie met en in verband met |
| | Registrasietalle |

| | |
|---|---|
| Individuele GROs | Firmas waarvan hulle lede is |
| | Kontakbesonderhede |
| | Registrasietalle |
| | Aansoeke vir registrasie |
| | Korrespondensie met en in verband met |
| | Inligting omtrent jaargelde |
| | |
| Klagtes teen GROs | Dissiplinêre lêer van korrespondensie en dokumente waarna verwys is, transkripsies van verhore waar toepaslik |
| | |
| Versoeke vir aanstellings van GROs vir verskeie funksies, gewoonlik ingevolge Hofbevele | Lêer met besonderhede van alle versoeke vir aanstellings van GROs en korrespondensie in verband daarmee |
| | |
| Voordoenings | Besonderhede van gevalle waar persone hul skynbaar voordoen as GROs, in stryd met artikel 14 van die OROR-wet |
| | |
| Wesenlike ongeruimdhede | Besonderhede van alle wesenlike ongeruimdhede wat deur GROs aan die OROR gerapporteer is ingevolge artikel 20(5) van die OROR-wet en korrespondensie in verband daarmee |

Onderrig en Opleiding

| **Onderwerp** | **Kategorieë van inligting** |
|---|---|
| Openbare Praktykeksamen (OPE) | Administrasie – lokale en toesighouers |
| | Kandidatehandleiding tot die OPE |
| | Kandidaataansoekvorm (word vir ’n maksimum tydperk van 6 maande na publikasie van resultate gehou) |
| | Kommentaar ontvang vanaf verskaffers van erkende programme |
| | Kandidate se nagesiende vraestelle (word vir ’n maksimum tydperk van 6 maande na publikasie van resultate gehou) |
| | Amptelike statistiek en persvrystelling |
| | Eksamenleerplan |
| | Kandidate se resultate (slaag/druip) |
| | |

| | |
|---|---|
| Erkenning en monitering van programme wat toelating tot die OPE moontlik maak | Erkende akademiese program |
| | Erkende kernbeoordelingsprogram |
| | Erkende opleidingsprogram |
| | Erkende onderrigprogram |

| | |
|---|---|
| Opleidingskontrakte | Gekwyte opleidingskontrakte |
| | Aktiewe opleidingskontrakte |
| | Inligting omtrent jaargelde |
| | |
| Swart Oorbruggingsprogram | Algemene korrespondensie |
| | Besonderhede van aanbieders |
| | Verwysingsraamwerk |
| | Notules |
| | Administrasie – lokale, reis, akkommodasie |
| | |
| Navorsing – Onderrig en opleiding | Opeboekbeoording |
| | Hersiening van toelatingsvereistes vir die OPE |
| | TROSA – Toekoms van Rekeningkunde-opleiding in Suid-Afrika |
| | "SCIPU" – Spesiale Komitee om Deelname deur Universiteite te Ondersoek |

Praktykoorsig

| | |
|---|---|
| Individuele GROs | Praktykoorsigdatums |
| | Praktykoorsigresultate |
| | Heroorsigverslae |
| | Nie-attesteer beëdigde verklarings |
| | Inligting omtrent kostes |
| | |
| Werkswinkels oor praktykoorsig en ouditstandaarde | Inligtingstukke en skyfies |

Ouditstandaarde

| **Onderwerp** | **Kategorieë van inligting** |
|---|---|
| Verklarings uitgereik | Standpunte oor Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde |
| | Suid-Afrikaanse Ouditpraktykstandaarde |
| | Geopenbaarde konsepte vir kommentaar deur die Ouditstandaardekomitee uitgereik |
| | Briewe met kommentaar vanaf die publiek ontvang |
| | Briewe met kommentaar oor "IAASB" geopenbaarde konsepte aan die "IFAC" voorgelê |

## 5. KATEGORIEË VAN REKORDS: OUTOMATIESE OPENBAARMAKING INGEVOLGE ARTIKEL 15 VAN DIE WET

Hoewel hierdie artikel van die Wet nie in werklikheid op die OROR as ’n artikel (b)(ii) openbare liggaam van toepassing is nie, word die volgende lys van kategorieë genoem wat outomaties vanaf die OROR beskikbaar is, sonder dat ’n persoon toegang daartoe ingevolge die Wet moet versoek:

Uitvoerend

| **Inligting** | **Koste** |
|---|---|
| Handboek vir Inligting | R70 |
| *Maneo* nuusbrief | Kosteloos |
| Jaarverslae | Kosteloos |
| History of the PAAB 1951 – 2001 (boek) | R50 |

Regs

| **Inligting** | **Koste** |
|---|---|
| Lidmaatskapregisters (uittreksel uit) | Kosteloos |
| Firmaregister (uittreksel uit) | Kosteloos |
| Lys van GROs (“die Blou Boek”) | R100 |
| Briewe van goeie naam | Kosteloos |

Onderrig en Opleiding

| **Inligting** | **Koste** |
|---|---|
| Loopbaanriglyninligting | Kosteloos |
| Bevestigingsbriewe oor voltooiing van opleidingskontrak | Kosteloos |
| Bevestigingsbriewe oor voltooiing van eksamenvereiste | Kosteloos |
| Gesertifiseerde afskrif van gekwyte opleidingskontrak | R75 |
| Recognition Model (boek) | R100 |
| Kandidatehandleiding tot die OPE | Kosteloos |
| Vorige jaar se eksamenvraestelle (tot 2001) | R20 per vraestel |
| Eksamenvraestel met voorgestelde oplossing en eksamineerders se kommentaar: Boekie vanaf die 2002 OPE | R100 |
| Sertifikate van voltooiing van onderrig- en opleidingsvereistes | R150 |
| Sillabus vir eksamens | Kosteloos |

Ouditstandaarde

| **Inligting** | **Koste** |
|---|---|
| Ouditstandaarde en praktykstandpunte | Kosteloos |
| Geopenbaarde konsepte | Kosteloos |

## 6. BESKRYWING VAN DIENSTE BESKIKBAAR AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG DAARTOE TE VERKRY *[artikel 14(1)(f)]*

Die volgende dienste van die OROR is aan die publiek beskikbaar:

Uitvoerend

- Hulp aan lede van die publiek oor hoe om verskillende publikasies van die Raad (bv. die Jaarverslag, Handboek vir Inligting, *Maneo* nuusbriewe, die Blou Boek en die boek "History of the PAAB" te bekom).

  *Toegangswyse*
  Geskrewe versoeke, met die toepaslike betaling aangeheg, kan aan die kantore van die OROR gerig word, direk by die kantore van die OROR bekom word of deur toegang tot die OROR se webwerf. Die Handboek vir Inligting kan ook by die OROR se plaaslike verteenwoordigers in Kaapstad, Westville en Bloemfontein verkry word.

Regs

- Bystand aan lede van die publiek met navrae van 'n algemene aard omtrent die gedrag van 'n GRO, die OROR se Gedragskode en Dissiplinêre Reëls, en hoe om 'n klag in te dien.

  *Toegangswyse*
  Navrae kan persoonlik na afspraak, telefonies of skriftelik of by wyse van die OROR se webwerf gerig word.

- Bystand aan lede van die publiek met navrae van 'n algemene aard omtrent die registrasiestatus van GROs en firmas van GROs.

  *Toegangswyse*
  Navrae kan persoonlik na afspraak, telefonies of skriftelik of by wyse van die OROR se webwerf gerig word.

- Die ondersoek en vervolging van klagtes van onbehoorlike gedrag deur GROs.

  *Toegangswyse*
  Enige lid van die publiek, 'n vereniging of 'n organisasie kan 'n klag teen 'n GRO indien as hulle van mening is dat die GRO aan onbehoorlike gedrag skuldig is. Dit moet by wyse van 'n oorspronklike beëdigde verklaring gedoen word.

Onderrig en opleiding

- Bystand aan lede van die publiek met navrae omtrent onderrig, opleiding en eksamenvereistes vir registrasie as 'n GRO.

  *Toegangswyse*
  Navrae kan persoonlik na afspraak, telefonies of skriftelik of by wyse van die OROR se webwerf gerig word. Indien daartoe versoek kan 'n dokument waarin die betrokke vereistes uiteengesit word, by die OROR se kantore verkry word.

- Bystand aan voornemende kandidate omtrent toelatingsvereistes en prosedures oor hoe om vir 'n eksamen in te skryf.

  *Toegangswyse*
  Navrae kan telefonies of skriftelik of by wyse van die OROR se webwerf gerig word. Indien daartoe versoek kan 'n dokument waarin die betrokke vereistes uiteengesit word, by die OROR se kantore verkry word.

Die registrasie vir die Openbare Praktykeksamen (OPE) open op 1 Julie van elke jaar. Aansoekvorms is by alle geakkrediteerde universiteite en firmas beskikbaar en word ook op die OROR se webwerf geplaas. Kandidate ontvang 'n eksamenhandleiding wanneer registrasie bevestig is. Die eksamenhandleiding bevat die voorgeskrewe eksamenreëls, eksamensillabus en riglyne oor eksamentegniek. Die OPE word jaarliks afgeneem, gewoonlik in November. Resultate word gewoonlik teen die einde van Februarie van die volgende jaar vrygestel.

- Hoe om eksamenresultate te bekom

  *Toegangswyse*
  Inligting in verband daarmee of 'n besondere kandidaat die mees onlangse eksamen wat deur die OROR afgeneem is, geslaag of gedruip het kan by die OROR se kantore verkry word.

  Die OROR stel die eksamenresultate elke Februarie vry. Hierdie eksamenresultate word aan verskaffers van erkende onderrig-, opleidings- en akademiese programme versprei en is ook op die kennisgewingbord by die OROR se kantore in Bruma asook op die OROR se webwerf beskikbaar. Daarbenewens is 'n "IVR"-stelsel by VODACOM beskikbaar waar kandidate hul resultate kan kry. Die telefoonnommer is 082 230 3200. Om toegang tot resultate te verkry moet kandidate hul unieke eksamen indeksnommer insleutel en daarna die mondelinge aanwysings volg.

- Hoe om die vorige jare se eksamenvraestelle te bekom

  *Toegangswyse*
  Lede van die publiek kan die kantore van die OROR kontak en 'n afskrif van die vorige eksamenvraestelle vir hul gebruik aanvra. Daar is 'n koste aan verbonde. Betaling moet ontvang word voordat die inligting versend word.

- Hoe om 'n etiket naamlys van kandidate te bekom

  *Toegangswyse*
  Lede van die publiek kan die kantore van die OROR kontak en 'n etiket naamlys van kandidate wat die mees onlangse Openbare Praktykeksamen afgelê het aanvra. Daar is 'n koste aan verbonde. Betaling moet ontvang word voordat die inligting versend word.

- Hoe om 'n sertifikaat van voltooiing van onderrig- en opleidingsvereistes aan te vra

  *Toegangswyse*
  Die OROR het 'n standaardaansoekvorm wat by die OROR se kantore asook op die OROR se webwerf beskikbaar is. Na ontvangs van die aansoekvorm en die vereiste gelde, word 'n sertifikaat geprosesseer en by wyse van 'n veilige versendingsmetode gestuur. Aansoekers moet ten minste drie maande vir prosessering en aflewering toelaat.

- Hoe om 'n bevestiging van voltooiing van 'n opleidingskontrak te bekom

  *Toegangswyse*

Lede van die publiek kan ’n geskrewe versoek rig waarin volle besonderhede van die leerling verstrek word. Die inligting op die OROR se rekords word bevestig en ’n standaard bevestigingsbrief word kosteloos uitgereik.

❖ Hoe om ’n bevestiging van voltooiing van eksamenvereistes te bekom

*Toegangswyse*
Lede van die publiek kan ’n geskrewe versoek rig waarin volle besonderhede van die leerling verstrek word. Die inligting op die OROR se rekords word bevestig en ’n standaard bevestigingsbrief word kosteloos uitgereik.

❖ Hoe om ’n gesertifiseerde afskrif van ’n gekwyte opleidingskontrak te bekom

*Toegangswyse*
Lede van die publiek kan ’n geskrewe versoek rig waar in volle besonderhede van die leerling verstrek word. ’n Gesertifiseerde afskrif van die opleidingskontrak sal gemaak word en aan die lid van die publiek versend word. Daar is ’n koste aan verbonde.

❖ Hoe om ’n eksemplaar van die boek, die “Recognition Model” te bekom.

*Toegangswyse*
Versoeke kan direk aan die OROR se kantore gerig word en die publikasie is onmiddellik beskikbaar. Daar is ’n koste aan verbonde en betaling moet ontvang word voordat die publikasie versend sal word.

Standpunte oor ouditstandaarde

❖ Bystand aan lede van die publiek met navrae van ’n algemene aard omtrent ouditstandaarde

*Toegangswyse*
Navrae kan persoonlik na afspraak, telefonies of skriftelik, of deur toegang tot die OROR se webwerf gerig word.

## 7. DEELNAME AAN DIE FORMULERING VAN BELEID/UITOEFENING VAN MAGTE/UITVOERING VAN PLIGTE *[Artikel 14(1)(g)]*

Die OROR bepaal beleid en oefen die magte uit wat deur die OROR-wet daaraan toegewys is en word in hierdie pligte deur verskeie komitees bygestaan. Besluite word deur ’n permanente direktoraat uitgevoer.

## 8. BESKRYWING VAN REGSMIDDELE WAT BESKIKBAAR IS MET BETREKKING TOT ’N OPTREDE OF VERSUIM VAN OPTREDE DEUR DIE OROR *[Artikel 14(1)(h)]*

Die regsmiddele word uitgeoefen deur middel van ’n aansoek aan die Hof, en word ingevolge artikels 78 en 79 van die Wet gemaak.

-ooOOoo-